Nuusbrief vir 30 Januarie 2020

Hoërskool Swartland

NUUS

Sone-atletiek Vrydag 31 Januarie

30 Januarie 2020

Die skool sluit op 31 Januarie om 10:30.
Leerders wat aan die Sone-atletiekbyeenkoms deelneem, moet betyds by hul items gaan aanmeld, na aanleiding van die tyd wat hulle deelneem. Die ander wat nie deelneem nie, kan huis toe gaan.

Baie dankie vir blomme!

30 Januarie 2020

Baie dankie aan Marnic Ligthart en Emma Steyn en hul ouers wat op 15 en 20 Januarie ons skoolsaal en voorportaal met blomme verfraai het. Ons waardeer dit opreg!

Gholf uitslae

30 Januarie 2020

Op Maandag 27 Januarie het HSS vir Dirkie Uys gewen met 91 punte teenoor 45, en vir Porterville met 91 punte teenoor 29. Baie geluk aan ons gholfspelers!

Tweekamp prestasie

30 Januarie 2020

Selma du Preez is gekies (vir A-span) om op 1 Februarie aan die Interprovinsiale tweekampbyeenkoms in Oudtshoorn deel te neem. Baie sterkte met hierdie kompetisie, Selma!

Krieket uitslae

30 Januarie 2020

HSS O/15A vs Wesbank: HSS kolf eerste en teken 87 vir 6 aan in hul 20 boulbeurte. Wesbank word uitgehaal vir 57 lopies na 17 boulbeurte. Swartland wen met 30 lopies.
HSS O/15B vs Steynville: HSS wen met 1 lopie. Stefan von Wielligh neem 4 paaltjies en Jan-Paul Bester neem 3 paaltjies.
HSS O/19A vs Dirkie Uys: HSS verloor met 7 paaltjies.
HSS O/15A wen Dirkie Uys met 9 paaltjies. Carlo van der Merwe neem 8 paaltjies wat 'n vierkuns insluit. Baie geluk!
HSS O/19A wen met 15 lopies in die tweede rondte van die Coke T20 kompetisie.

Atletiek interkleure uitslae

30 Januarie 2020

Die blouspan het as wenners uit die stryd getree met 1175 punte, die witspan tweede met 1025 punte en die goudspan derde met 699 punte.
Die geesbeker is deur die goudspan verower. Baie geluk!

Interkleure swemgala uitslae

30 Januarie 2020

Blouspan tree as wenners uit die stryd met 473 punte vir die dag. Goudspan is tweede met 456 punte en witspan behaal 421 punte.
Swemmers wat die meeste punte per individu aangeteken het, is:
O/19 dogters: Selma du Preez (39) en Anri Malherbe (28). O/19 seuns: AJ Hartman (67), Wiaan van Reenen (47) en Nathan Els (26).
O/16 dogters: Toné Malherbe (64) en Jessica Vorster (49). O/16 seuns: Schalk Burger (49).
O/14 dogters: Carli Vorster (55). O/14 seuns: Kailen Kotze (90), Johan Jurgens (40) en Aiden Foot (36).
Die volgende swemmers het eerste plekke (aantal in hakies) behaal: Kailen Kotze (9), Schalk Burger (4), Wiaan van Reenen (1), Nathan Els (1), AJ Hartman (1), Carli Vorster (4), Jessica Vorster (4), Toné Malherbe (3), Selma du Preez (3) en Klara Engelbrecht (1).
Wel gedaan!

Universiteit Stellenbosch algemene opedag

30 Januarie 2020

Hierdie opedag is op 29 Februarie 08:00-15:00. Bywoning is gratis en registrasie word nie vooraf benodig nie.
Let wel: Dit sluit die Ingenieurswese se opedag in.
Die beginpunt waar u 'n inligtingspakket oor die roete en sessies kan ontvang, is in die markiestent op die hoek van Banghoekweg en Joubertstraat in Stellenbosch. Vir verdere navrae kan u die inligtingskantoor skakel by 021-8089111.

Beplanningskalender 2020

30 Januarie 2020

Kwartale vir 2020:
Eerste kwartaal: 15 Januarie - 20 Maart
Tweede kwartaal: 31 Maart - 12 Junie
Derde kwartaal: 7 Julie - 18 September
Vierde kwartaal: 29 September - 2 Desember

Skoolfonds vir 2020

30 Januarie 2020
Die volgende skoolfonds en resolusies is bevestig en goedgekeur:
Skoolfonds van R17 900 per jaar per leerder. Dit word eenmalig vooruit gehef en is vooruitbetaalbaar.
U kan op drie maniere betaal:
R17 000 voor 28 Februarie 2020, OF R4 475 binne die eerste 14 dae van elke kwartaal, OF R1 790 per maand oor 10 maande met die laaste paaiement vóór 30 November 2020.
Alle nié-betalers tot en met die 31 Maart 2020-rekonsiliasie word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Alle rekeninge wat vir 60 dae en langer dormant en onbetaald is, word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Let wel- spesiale betaalreëlings mag slegs deur beheerliggaam (skriftelik) goedgekeur word.

Koshuislosies vir 2020

30 Januarie 2020
Die volgende koshuislosies en resolusies is vir 2020 bevestig en goedgekeur:
Losies: R30 100 per jaar per kind - vooruitbetaalbaar op drie maniere:
Eenmalig vir die jaar voor die einde van die eerste kwartaal, naamlik 31 Maart 2020; OF
R7 525 per kwartaal binne die eerste twee weke van elke kwartaal; OF
R3 010 per maand oor 10 maande, voor die 25ste van elke maand, met die laaste betaling vóór 30 November 2020.
Oorhandiging aan prokureurs van 'n kwartaal agterstallige rekening en uitsetting van sodanige kosganger uit die koshuis vanaf die daaropvolgende kwartaal. Die ouer bly aanspreeklik vir agterstallige losies, al is die leerder in so 'n geval uit die koshuis uit.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

30 Januarie 2020
Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

30 Januarie 2020
Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 30 Januarie 2020 - 6 Februarie 2020

30th Januarie 2020
Swem Aflosgala Girls High

30th Januarie 2020
O/19A krieket vs Steynville (weg)

30th Januarie 2020
Gr 12 oueraand 19:00

31st Januarie 2020
Detensie 14:00

31st Januarie 2020
Atletiek Swartlandsone tuis

1st Februarie 2020
Toutrek te Worcester Gim

1st Februarie 2020
Swem Bridge House Mile
Boschendal

1st Februarie 2020
Krieket O/15A weg
vs Piketberg

1st Februarie 2020
Krieket O/19A tuis
vs RPC

3rd Februarie 2020
Tennis 2de S en D vs Piketberg (tuis)

3rd Februarie 2020
Tennis 1ste S en D vs Piketberg (tuis)

3rd Februarie 2020
Tennis 1ste en 2de S en D vs Piketberg tuis

3rd Februarie 2020
Interskole gholf

3rd Februarie 2020
Finanskomitee vergader 18:00

3rd Februarie 2020
Erekleuretoekennings

3rd Februarie 2020
Personeelontwikkeling 14:15

4th Februarie 2020
O/15B krieket vs Hopefield (tuis)

4th Februarie 2020
Swem Hexagonal gala
Robertson
Swemmers ry 12:30 vanaf skool

5th Februarie 2020
O/15A krieket vs Curro Langebaan (weg)

6th Februarie 2020
O/19A krieket vs Curro Langebaan (tuis)

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Januarie 24 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e29a3b3f140a005335307.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.

Hoërskool Swartland